# Toepassing van menseregtebeginsels op geselekteerde regte van seksuele minderhede in Afrika 806 (HRA 806)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Nagraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Regsgeleerdheid |
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Programme** | LLM Seksuele en Reproduktiewe Regte in Afrika (Gedoseer) |
| | MPhil Seksuele en Reproduktiewe Regte in Afrika (Gedoseer) |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 30 kontakure per semester |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Sentrum vir Menseregte |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

In hierdie module val die klem op die toepassing van menseregtebeginsels op geselekteerde kwessies wat seksuele minderhede in Afrika raak, met die oog daarop om response gegrond op menseregte op verwante hedendaagse probleme in die Afrikastreek te ontwikkel. Die volgende onderwerpe word behandel: (a) Ontwikkeling van ’n kritiese begrip van die konsepte ‘seksuele oriëntasie’ ‘genderidentiteit’, ‘homoseksueel’, ‘biseksueel’, ‘gay’, ‘lesbies’, ‘transgender’, ‘interseks’, seksuele minderheid’, ‘heteroseksualiteit’ en (in Engels:)‘queer’’ (b) Begrip van die teorieë oor die sielkunde, biologie en sosiobiologie van homoseksualiteit (c) Ondersoek van die globale geskiedenis van homoseksualiteit, veral in die ‘Weste’ (die VSA en Brittanje), en die invloed daarvan op Afrika (d) Ondersoek van die evolusie van homoseksualiteit en die samelewing in Afrika, met inbegrip van ’n antropologiese oorsig van homoseksualiteit in tradisionele Afrika-gemeenskappe en in koloniale en postkoloniale Afrika (e) Begrip van die aard van die skendings van regte van ‘seksuele minderhede’ in die besonder deur owerhede en nie-owerheidsagentskappe in Afrika (waaronder skendings van die reg op gesondheid; diskriminasie gegrond op werklike of vermeende seksuele oriëntasie, genderidentiteit en MIV-status; seksuele en ander vorms van geweld; skendings van die reg op privaatheid; stigmatisering en die gevolge daarvan) (f) Begrip van die redes vir die skending van regte en homofobie in Afrika deur die rol van kultuur/tradisie, godsdiens en meerderheidsoorheersing te ondersoek (g) Oorweging van die rol van openbare beleid deur te fokus op die behoefte aan en moontlikheid vir regshervorming, en strategieë om gemeenskappe bewus te maak van die regte van seksuele minderhede en om homofobiese houdings te verander

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.